


Grondslagfase Studie

Bevindings & Aanbevelings

**Verbetering van klaskamergebruik
& leerderprestasie**



WES-KAAP
Onderwysdepartement

Provinsiale Regering van die Wes-Kaap

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie het in 2010 'n span van die Universiteit van Stellenbosch gevra om 'n grootskaalse studie van onderrig en leer in die grondslag-fase te doen. Die studie het 135 volle skooldae van waarneming in klaskamers en onderhoude met onderwysers en skoolhoofde behels. Dit het die span in staat gestel om 'n omvattende beeld van onderrig en leer in die klaskamers en skole van die Wes-Kaap te bekom.


Dié inligtingstuk bevat die kernbevindinge van die studie. Die volledige verslag is beskikbaar by kringbestuurders en distriktskantore.

Ek wil graag skole, veral skoolbestuurspanne en grondslagfase-onderwysers, aanmoedig om van die studie se bevindings gebruik te maak.

Elke skool is uniek en nie al die bevindings is op alle onderwysers, skole en distrikte van toepassing nie. Merk op watter bevindings vir jou situasie toepaslik is, bespreek dit met kollegas en besluit hoe dit gebruik kan word om leer in die grondslagfase-klasse te verbeter.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sal die resultaat van die navorsing en verpligte toetse gebruik om gepaste ondersteuningsmeganismes vir onderwysers en skole te ontwikkel. Dié ondersteuning kan net doeltreffend wees as hoofde, onderwysers, ouers en amptenare saamwerk om te verseker dat ons kinders in die grondslagfase 'n stewige basis in taal en wiskunde het.

Skoolhoofde behoort betrokke en ingelig te wees oor wat in die klas gebeur, anders kan hulle nie effektiewe onderrigleiding gee nie. Die bevindinge hieronder bied riglyne aan hoofde hoe om leer in die grondslagfase in hul skole te monitor.



KLASKAMERGEBRUIKE EN LEERDERPRESTASIE IN DIE GRONDSLAGFASE

Bevindings



Die inligtingstuk bestaan uit twee dele: Die eerste tabel toon tien positiewe gebruike wat waargeneem is.

Die tweede deel bevat die praktyke waaroor die studie krities was. Daar is ook voorstelle oor hoe onderrigpraktyke aangepas kan word om tot beter onderrig en leer te lei.

Van die uitdagings kom meer algemeen voor in sommige skole as in ander. Skole word aangemoedig om die bevindings noukeurig te bestudeer. Skole moet besluit watter aspekte van die verslag op hulle betrekking het en die inligting gebruik om leer en onderrig in die grondslagfase te verbeter. Meer inligting is beskikbaar in die volle verslag wat na elke distriks- en kringbestuurderskantoor gestuur is.

Algemene bevindings:

1. Die studie het bevind dat die meeste skole oor die algemeen wel goed funksioneer. Normale werksprosedures word gevolg en basiese funksies word uitgevoer, daar is hulpbronne (veral onderwysers) en 'n daaglikse roetine word gevolg. Die studie het egter ook gevind dat te veel aandag aan vorm pleks van substansie bestee word. **Skole en onderwysers doen nie genoeg om te sorg dat leer in die grondslagfase wesenlik en voldoende is nie.**
2. Dieselfde is ook waar van onderwysers se onderrigvermoë. Onderwysers handhaaf wel dissipline en werkwyses vir onderrig word gevolg. Maar die studie het bevind dat onderwysers se verwagtinge van leerders se prestasie nie hoog genoeg is nie. Die vlak van die kognitiewe eise wat aan die kinders gestel is, was veels te laag. In baie skole was dit onwaarskynlik dat die leerplan in die jaar gedek sou word. Daar was ook verwarring oor die die kurrikulum en assessering. Die resultate het gewys dat leerders dikwels nie die grondbeginsels van taal en wiskunde baasgeraak het nie.

3. Dit het ook uit die studie en 'n oorsig van die kinders se werkboeke geblyk dat daar nie daaglik genoeg leeswerk, skryfwerk en wiskundige berekeninge gedoen word nie.

Dit is veral die kombinasie van dié drie faktore wat veroorsaak dat leerders swak vaar. Skole wat swak vaar, faal op die mees basiese vlak in hul hoofsaak: om te sorg dat wesenlike leer in die klaskamer plaasvind.



TIEN POSITIEWE GEBRUIKE



gebruike

Fokusgebied	Positiewe waargeneemde gebruike	Ruimte vir verbetering
1. Basiese toerusting en die toestand van klaskamers	Dit lyk of die klaskamers voldoende meubels en krytborde (of iets soortgelyks) het. Die klaskamers is só ingerig dat leerders die bord kan sien. Daar is leesmatte of -tapyte in die meeste skole.	Deur te sorg dat leesmatte of tapyte aan alle klasse in die GF - en veral graad een en twee – versprei word, sal “storietyd” of soortgelyke gedeelde leeservarings en afsonderlike interaksie met die onderwyser bevorder word.
2. Besikbaarheid van noodsaaklike skryfbehoeftes	Die meeste klasse het die nodige skryfbehoeftes, hoewel party klasse net een taal oefeningboek het.	Dit word aanbeveel dat daar afsonderlike boeke vir verskillende onderwerpe en taalafdelings moet wees.
3. 'n Klasomgewing met baie gedrukte leermateriaal	In die meeste GF-klaskamers word relatief baie gedrukte leermateriaal vertoon.	Dis belangrik om bronne soos nodig te vervang en te sorg dat hulle op datum is – veral wat moedertaalbronne vir Afrikaans en Afrika-tale betref.
4. Besikbaarheid van boekversamelings en bevordering van 'n boekkultuur in die klaskamer	Die meeste GF-klaskamers het hul eie boekversamelings.	Daar is 'n behoefte aan meer boeke met inligting/nie-fiksie wat interessante en mooi prente het en op die gepaste taalvlak geskryf is. Die onderwysers moet 'n belangstelling in boeke as 'n bron van inligting én plesier kweek. Dit lyk of daar veral in graad een en twee klaskamers meer prentboeke moet wees.
5. Beoordeling van skryfwerk	Die meeste GF-onderwysers sien gereeld die leerders se klaswerk na en die leerders in die meeste klasse doen gereeld korreksies in hul wiskundeboeke.	Korreksies in huistaalboeke moet meer gereeld gedoen word. Laat lesers hul eie of mekaar se werk nasien as 'n manier om leer te versterk.
6. Leerplansteun en die skoolbestuurspan se kontrolering van hoe die leerplan toegepas word	Skoolbestuurspanne (SBS'e)/ Departementshoofde (DH) in die GF kontroleer hoe onderwysers met hul werkplanne vorder.	SBS'e/DH's moet aktief sorg dat daar elke dag genoeg lees- en skryfwerk en ook oefeninge in syfervaardigheid gedoen. Dié werk moet ook gepas wees vir die graad en eise stel wat hoog genoeg is. SBS'e moet ook weet hoe die skool met die leerplan vorder en wat die prestasie in verpligte toetse is. Hoofde moet 'n sterker leiersrol in onderrig speel.

Fokusgebied	Positiewe waargeneemde gebruike	Ruimte vir verbetering
7. Inhaal van verlore onderrigtyd	Onderwysers sê wanneer 'n skooldag of klasse verloor word, haal hulle gewoonlik die tyd in met verlengde onderrig wat klasse na normale skoolure insluit.	Skole behoort 'n raamwerk/beleid te hê wat riglyne gee oor hoe verlore tyd ingehaal moet word.
8. Afwesigheid van leerders en kontrolering van bywoning	Afwesigheid van leerlinge speel nie 'n groot rol op effektiewe leertyd in die klaskamer nie, maar in sommige skole is dit veral op Vrydae en Maandae 'n probleem. Dit lyk oor die algemeen of GF-bywoningsregisters in die skole op datum gehou word.	Ondersoek hoë afwesigheidsyfers op Vrydae en Maandae en doen iets daaraan.
9. Interaksiepatrone in klaskamer	Die interaksie tussen leerders en onderwysers is goed. Die meeste onderwysers sorg dat alle leerders aan interaksie in die klaskamer deelneem.	Leerders moet aangemoedig word om verbaal kennis uit te ruil in inligtingsgesprekke. Onderwysers moet leerders se foute identifiseer en dit gebruik om individuele leerders se leerbehoefes te kan aanspreek. Onderwysers moet seker maak dat alle leerders kans kry om vrae te beantwoord of probleme op die krytbord op te los en hardop te lees.
10. Strategieë om verskille tussen leerders baas te raak	Die meeste GF-onderwysers probeer in hulle onderrig voorsiening maak vir die wisselende vaardigheid onder die leerders..	In groot klasse het al die leerders nie ewe veel kontaktyd met die onderwyser nie. Die uitdaging is om te sorg dat leerders deurgaans besig met take is en hul bes doen en dat die tyd so produktief moontlik gebruik word. Daar moet meer ondersteuning vir klaskamerbestuur, asook gepaste ondersteuningsmateriaal en gegradeerde leesboeke beskikbaar wees.




	Praktyke waaroor die studie krities was.	Onderwysstrategie en praktyke wat tot beter leerderprestasie sal lei.
Doeltreffende gebruik van tyd vir onderrig en leer	Daar word veel minder tyd vir wiskunde en taal gebruik as wat op die rooster hiervoor toegelaat is.	Wees bewus van presies hoeveel tyd elke dag in die klaskamer aan die verskillende leerareas bestee behoort te word. Elke minuut tel!
	Die probleem van laatkommers word nie altyd doeltreffend gehanteer nie.	Wys leerders en ouers daarop dat laatkommers gemonitor word. Leerders moet aangemoedig om elke dag klas toe te kom én betyds te wees.
	In die Grondslae vir Leer riglyne en die Nasionale Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) word daar beduidend meer tyd aan wiskunde en tale toegeken as wat die werklike waargeneemde onderrigtyd in die klas was.	Maak seker dat die onderrigdag in die GF goed georganiseer is, met spesifieke tye vir elke onderwerp. Kyk hoe die vordering in die klas teenoor dié doelwitte is.
	Daar is te veel gevalle waar tyd aan aktiwiteite anders as onderrig spandeer word. So word die leerders leertyd ontnem. Onthou dat elke minuut tel.	Onderwysers moet onderrigtyd doeltreffend benut. Beperk aktiwiteite anders as onderrig tot die minimum en maak seker dat die beplande program vir die dag voltooi word. Vra die hoof om onderbrekings soos klasbesoeke deur ouers, ander onderwysers of organisasies tydens onderrigtyd so veel moontlik te beperk.

aandag


!	Praktyke waaroor die studie krities was.	Onderwysstrategie en praktyke wat tot beter leerderprestasie sal lei.
Pas	Te veel van die tyd vir geletterheid en syfervaardigheid gaan weens 'n stadige pas of swak kontrolering verlore.	'n Sterker sin vir dringendheid is nodig. Onthou dat elke minuut tel. Dis veral belangrik vir leerders wat buite die skool beperkte leergeleentheid het.
	Onderwysers bepaal die pas van aktiwiteite volgens die swakste leerders in die klas.	Die leerders moet kans kry om meer uitdagende werk aan te durf. Met gegradeerde leesreëse en handboeke/vooraf gedrukte werkboeke kan leerders teen verskillende tempo's vorder.
	Leerders word toegelaat om baie stadig aan skryftake te werk. Die hoeveelheid skryfwerk wat hulle elke dag doen, is onvoldoende.	Moedig leerders aan om vinniger te werk sodat hulle elke dag genoeg skryfwerk en wiskundige berekenings kan doen.
	Onderwysers oorbenut die krytbord wanneer hulle take daarop neerskryf. Dis tydrowend en verminder oor die algemeen die leerders se kans om met langer tekste te werk.	Gebruik elke dag in elke klas handboeke en werkboeke vir die leerders. Gebruik die krytbord oordeelkundig en berei waar moontlik die take buite die onderrigtyd voor.
	Daar word nie genoeg ruimte vir huiswerk in die onderrigprogram gemaak nie. Net een derde van GF-leerders doen drie of meer keer per week huiswerk.	Formuleer 'n huiswerkbeleid vir die GF met realistiese, maar konkrete doelwitte. Huiswerk is 'n manier om leertyd buite die skool te verleng en ook 'n manier om leerders 'n bykomende oefenkans te gee. Laat die leerders in die klas huiswerk ruil en mekaar se werk nasien en gebruik dit as 'n geleentheid vir onderrig.

aandag

	Praktyke waaroor die studie krities was.	Onderwysstrategie en praktyke wat tot beter leerderprestasie sal lei.
Kompleksiteit van inhoud en kognitiewe eise van take	<p>Die ingewikkeldheid en kognitiewe eise in wiskunde en tale is laag: die leerders dek die leerplanne op 'n standaard of vlak van ingewikkeldheid en kognitiewe eise wat nie hoog genoeg is nie.</p> <p>In wiskunde is die leerders hoofsaaklik besig om syfers en wiskundenotasie neer te skryf. Te min klasse gaan oor die interpretasie van wiskundige diagramme soos grafieke en tabelle. Die blootstelling aan woordprobleme is beperk.</p> <p>In tale: die leerders skryf meestal letters of woorde neer en skryf nie genoeg langer sinne en tekste neer nie.</p>	<p>Vereis meer van die leerders om te sorg dat hulle bo hul huidige vaardigheidsvlakke uitstyg. Raadgewers oor die leerplan sal spesiale aandag aan dié uitdaging gee. Daar sal meer hulp beskikbaar gestel word om te verseker dat die leerplanne op 'n gepaste vlak gedek word en dat die beoordelingstake ook 'n gepaste vlak van veeleisendheid het.</p>
	<p>Die lae vlak van kognitiewe eise en te stadige pas lei tot ontwrigtende leerdergedrag en kan beteken dat die leerders dikwels verveeld is.</p>	<p>Die leerders moet uitgedaag word om meer skryf- en berekeningstake te doen. Vereis meer!</p>
Leierskap in onderrig	<p>Hoofde gee nie genoeg aandag aan leerplan-kwessies in die grondslagfase nie.</p>	<p>Daar sal in die toekoms van hoofde verwag word om oor die vordering met die leerplan verslag te doen. Hoofde moet aktief belangstel en 'n rol in die grondslagfase speel.</p>
	<p>Klasse van veertig of meer leerders in die grondslagfase.</p>	<p>Die SBH moet personeel doeltreffend toeken en hou by die beleid wat die aanvaarbare verhouding van onderwyser tot leerders voorskryf. GF-klasse behoort nie meer as veertig leerders te hê nie.</p>
Doeltreffende gebruik van hulpbronne wat onderrig en leer steun	<p>Te min leerders word toegelaat om boeke huis toe te neem.</p>	<p>Stel waar moontlik boeke beskikbaar wat die leerders kan huis toe neem. Die leerders moet so veel moontlik aan boeke blootgestel en aangemoedig word om op hul eie te lees.</p>
	<p>Werkblaai beperk die leerders se kans om boeke te hanteer en uit te vind hoe boeke werk.</p>	<p>Werkboeke bestaan uit spesifieke aktiwiteite terwyl handboeke en werkboeke sistematies ingedeel en georden is. Maak seker dat leerders in graad twee en drie handboeke en/of werkboeke vir elke vak het.</p>

!	Praktyke waaroor die studie krities was.	Onderwysstrategie en praktyke wat tot beter leerderprestasie sal lei.
Doeltreffende strategieë vir onderrig in syfervaardigheid en geletterdheid	Taal: Gemeenskaplike eerder as individuele lees is waargeneem.	Elke leerder moet gereeld afsonderlik vir die onderwyser lees sodat sy leiding kan gee en die kind se vordering kan kontroleer en aanteken en kan weet hoe die leerders se leesvaardigheidsvlakke verskil.
	Die vermoë om betekenis af te lei, word bepaal deur die vermoë om vlot te lees. In die meeste GF-klaskamers word daar nie genoeg klem gelê op die ontwikkeling van leerders se vlotheid en begripsvaardigheid in leeswerk nie. Die onderwysers leer nie die klas 'n verskeidenheid strategieë om sin uit 'n teks te maak nie.	Die onderwysers moet 'n meer gestruktureerde en sistematiese benadering vir onderrig in foniese, sintaktiese, grammatikale en spelvaardigheid volg. Betrek die leerders by vrae wat vereis dat hulle lees en inligting in tekste soek en gebruik om die antwoord te kry.
	Die klem in leeswerk word gelê op hoe om eenvoudige verhalende teks in basiese leesboeke te lees. Die leerders word nie betrek by die lees van uitgebreide verklarende (inligtings) teks met volsinne of paragrawe in handboeke nie.	Die leerders moet gereeld afsonderlik kan oefen om verklarende teks (inligting/nie-fiksie) vir verskillende doelwitte soos lewensvaardighede of wiskunde te lees.
	Syfervaardigheid: Mondelinge hoofrekene behels hoofsaaklik tel en optel.	Onderwysers moet sorg dat hoofrekene en vermenigvuldigingstafels genoeg in die klaskamer geoefen word sodat die leerders kans kry om vinnige berekenings te leer maak.
	Leerders word nie dikwels genoeg aangemoedig om self instruksies te lees en te volg nie. Hulle word ook nie dikwels genoeg aangemoedig om vrae te stel nie.	Ontwikkel die leerders se vermoë om onafhanklik te werk. Dis veral belangrik om leerders gewoon te maak aan die omstandighede wat hulle tydens verpligte toetse sal ervaar.

aandag

	Praktyke waaroor die studie krities was.	Onderwysstrategie en praktyke wat tot beter leerderprestasie sal lei.
Ouers se rol	<p>Die ouers moet so veel moontlik stories voorlees, maar ook die ontwikkelingsvlak in taal en wiskunde verhoog deur met huiswerk te help en dit te kontroleer.</p>	<p>Betrek die ouers (of ander gesinslede soos ouer broers en susters) so veel moontlik by huiswerk. Laat hulle die kinders help met basiese aktiwiteite soos om die letters van die alfabet en syfers te leer, hoofrekenne te oefen, vermenigvuldigingstafels te memoriseer en te leer spel.</p>
	<p>Min leerders word hoegenaamd toegelaat om boeke huis toe te neem.</p>	<p>Maak ouers en ander gesinslede bewus van hoe belangrik huiswerk in die GF is. Moedig hulle aan om waar moontlik huiswerk te kontroleer en hulp met huiswerk en leeswerk by die huis te verleen.</p>
Assessering	<p>Assesseringstake word nie altyd goed beplan nie en dikwels ontbreek die detail om te bepaal watter soort hersiening of ingryping nodig is nie.</p>	<p>Stel gereelde assesseringspunte vas om uit te vind of die leerders vir 'n volgende vlak gereed is. Hou die assessering op 'n toepaslike vlak en hou die leerplan en werkplanne in gedagte om te verseker dat die leerders op die regte peil getoets word. Gebruik die inligting uit die assessering om te bepaal waar en watter soort hersiening of ingryping nodig is.</p>
	<p>Klaskamer interaksie en assessering word nie genoeg gebruik om tekortkominge of verkeerde begrip te identifiseer nie. Die terugvoer hieroor is nie spesifiek genoeg nie.</p>	<p>Kweek die vermoë aan om leerders se foute raak te sien en daarmee te werk. Gebruik dié vermoë om die verskille tussen leerders se leervlakke te bepaal.</p>

aandag

!	Praktyke waaroor die studie krities was.	Onderwysstrategie en praktyke wat tot beter leerderprestasie sal lei.
Onderrigtaal en ontwikkeling van woordeskat	Die ontwikkeling van doelgerigte begripstaal en 'n "gespesialiseerde" woordeskat of terminologie gebeur nie dikwels genoeg nie. Begripstaal en 'n "gespesialiseerde" woordeskat of terminologie word nie voor graad drie ingevoer nie.	As die begripstaal en "gespesialiseerde" woordeskat en terminologie vir die onderskeie vakke ontwikkel word, sal dit akademiese geletterheid verbeter en kinders noodsaaklike konsepte soos "optel", "aftrek", "deel" en "maal" leer. Die leerders moet begripstaalvaardighede ontwikkel as hulle vakke in die intermediêre fase wil baasraak. Onderwysers moet sorg dat die meer algemene en alledaagse woordeskat met meer ingewikkelde konsepte en terminologie aangevul word.
	In skole waar die onderrigtaal nie dieselfde as die meeste leerders se huistaal is nie, of waar leerders na onderrig in Engels sal moet oorslaan, gebruik onderwysers nie die tweetalige benadering oordeelkundig om die lesers se begrip van en omgang met die GF-leerplan te versterk nie.	Onderwysers moet weet wanneer, waar en hoe hulle die tweetalige benadering kan gebruik. 'n Voorbeeld hiervan is om na 'n ander kode oor te slaan sodat die leerder se begrip van en omgang met die GF-leerplan versterk kan word. Hulle moet ook weet waar tale uitmekaar gehou moet word.
	In skole waar die leerders na onderrig in Engels sal moet oorslaan, word daar gesloer met die invoer van Engels as Eerste Addisionele Taal.	Daar moet vir leerders in graad een tot drie tyd gemaak word wat duidelik afgebaken is en spesifiek gewy word aan onderrig in die Eerste Addisionele Taal. Skole moet seker maak dat dié tyd ten volle benut word.

aandag

